# Kom ek vertel vir jou ’n storie oor Lacan se *objet petit a* (“kleinletter-ander”): ’n outo-etnografiese verkenning van ’n kreatiewe persoon se ervaring tydens die skryf van ’n akademiese artikel oor die kreatiewe proses

R. Hattingh
Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Universiteit van Pretoria
PRETORIA
E-pos: roela@vegaschool.com

**Abstract**

**Let me tell you a story about Lacan’s *objet petit a* (“lower-case-other”): an auto-ethnographical investigation of a creative person’s experience of writing an academic article on the creative process**

*This article is an auto-ethnographical narrative that, through the splintering of the ego, views the creative process reflectively and reflexively. It includes an exploratory investigation of the concept “Other” as it appears in three creative texts created as part of the “Tracking creative creatures” project.*

**Opsomming**

**Kom ek vertel vir jou ’n storie oor Lacan se *objet petit a* (“kleinletter-ander”): ’n outo-etnografiese verkenning van ’n kreatiewe persoon se ervaring tydens die skryf van ’n akademiese artikel oor die kreatiewe proses**

*Hierdie artikel is ’n outo-etnografiese narratief wat reflektief en refleksief na die kreatiewe proses kyk deur die versplintering van die ego. Dit sluit ’n verkennende ondersoek in na die begrip “Ander” in drie kreatiewe tekste wat geskep is as deel van die “Op die spoor van kreatiewe kreature”-projek.*

## 1. Inleiding

Die skryfproses is 'n gesplete proses. 'n Mens gebruik taal (wat aan Ander behoort) om gedagtes (wat as gevolg van Ander ontwikkel het) neer te skryf. In hoe 'n mate kan 'n mens ooit skryf? Die kreatiewe proses word self ook gekenmerk deur 'n verbreekte verloop, 'n verbrokkeling van stereotipes en vaste drukvorme asook die skep van 'n kunstenaarself. Indien 'n mens voorts oor die kreatiewe prosesse van ander kunstenaars skryf met die oog daarop om 'n stuk werk in 'n akademiese tydskrif te publiseer, word jy met 'n dubbele versplintering gekonfronteer. Gestel 'n mens kon in gesprek tree met die self oor die proses van skep en versplintering.

## 2. Die navorser word geskep

*Elke dag vee die vrou haar huis sorgvuldig uit. Versigtig, met skoppie en borsel, tel sy die stof van hulle voete, die hare van hulle geliefde diere, die gedroogde, fyngetrapte kruie, vlerkies van rysmiere en afgevalle korreltjies kossies op en bêre dit skuldig in silwerskoon inlê-flesse. Op 'n etiket met 'n blou raampie skryf sy die datum en 'n enkele sin neer. Dan vou sy dit toe in die voorblad van die vorige dag se "Beeld" en pak dit in die geelhout-trousseaukis wat sy by haar oumagrootjie geërf het.*

*Die res van die dag doen sy maar die dinge van 'n waardevolle vrou en goeie moeder. Sy hekel komberse, maak melktert en kan eiervrye pannekoek bak. Sy gee graag en lag baie. Tussenin verdien sy ook geld. Sy maak stories op vir studente en vir advertensie-veldtogte. 'n Paar keer neem sy aan kunsuitstallings deel – die vloer bly in hierdie tye ongevee. Nogtans bid sy altyddeur vir veiligheid en vrede in die land wat haar mense van ander gesteel het.*

*Tuinwerk, huiswerk, kunswerk, dinkwerk. Eintlik wil sy 'n skrywer wees. Haar magister doen. Stories skryf, boeke; dalk 'n paar akademiese artikels. Die oggend van haar nege-en-veertigste verjaarsdag speel sy en haar man te lekker in die bed. Sy smeer 'n bietjie van sy semen op 'n etiket wat sy die vorige aand langs haar waterglas gesit het. Hy gaan maak die gebruiklike ontbyt-in-die-bed-verrassing. Haar kinders kom kruip voor skool in: "Mamma is die beste Mamma"-kaartjies, presente, drukkies; al die dromerige verjaarsdagdinge. Hulle wil soos sy stokkiesdraai, maar sy boender hulle goedig skool en werk toe.*

*Sy trek haar tuinwerkklere aan. Vir oulaas vee sy uit. Sy vang die koi-visse en sit hulle in skoon water in die bababad. Dan maak sy van sewe-en-twintig jaar se stof en uitveegsels modder in die*

*visdam. Sy vorm voete, bene, geslagsdele, heupe, maag, borste, nek, gesig, oë, neus, 'n mond. Skeur al die nuus in repies en versterk die beeld. Smeer modder soos haar ouma beesmisvloer gemaak het, soos haar skoonma beskuitdeeg in panne smeer, soos haar ma die krake in die huis vul.*

*Toe sy klaar is, skryf sy "Emet" op die helfte van die semen-etiket, en skuif dit in die golem se mond in. Al prewelende skryf sy op die ander helfte daardie daaglikse sin: "Jy het my al gesien toe ek nog ongebore was." Dan sit sy dit op haar tong soos nagmaalbrood, kou dit fyn tot pulp, spoeg dit op haar hand uit. Sy smeer dit oor die golem se oë.*

"In Godsnaam, lewe nou!"

## 3. Die paradigma word voorgestel

*Dit is hoe sy my gemaak het. Die vrou wat mens wou wees. Sy is die subjek van hierdie artikel*.

*"Wat wil jy van my hê, Subjek?"*

"Alles wat ek nie mag of kan wees nie. Lees solank dié, Kleinletter-ander, ek verstaan dit nie." *Sy gee vir my "Écrits" van Lacan en Denzin en Lincoln se "Handbook of qualitative research" aan.* "Ek noem jou Kleinletter-ander; jy noem my Subjek. Soos in Lacan se 'Nee/Naam van die Vader' skep ons mekaar. Jou teenwoordigheid kan verduidelik word as kennis wat reeds in alles is; die samekoms in betekenis van die verbeelde, simboliese en reële vlakke; 'n ideale ego wat ek kan naboots; alles wat ek kortkom (*manqué à être)*; met ander woorde: Lacan se term *objet petit a* wat as 'n identiteit buite myself gevorm word."

*"Soos Ragland (1995:198) sê: 'The power of the law is above all the power to establish relationships through speech and the act of naming.'"*

"In die finale hoofstuk van *The four fundamental concepts of psycho-analysis* verduidelik Lacan dat *objet petit a* die besonderse status van verplasing (*transference*) in die handeling en ontledingsproses dra. Wanneer die ontledingsproses voltooid is, vind 'aflossing van verplasing' plaas. Om dit te illustreer, vertel Lacan 'n storie oor iemand wat in 'n Chinese restaurant kos wil bestel. Die spyskaart is in Chinees; daarom vra hy die bestuurder om die spyskaart vir hom te vertaal. Die vertaling is egter slegs 'n vertaling, en bied nie 'n toereikende verduideliking van die inhoud van die geregte nie. Die

persoon vra dus vir die bestuurder om iets aan te beveel. Asof die bestuurder moet weet wat hy sou wou hê. Jy vervul die rol van die bestuurder. In Lacan (2004:190) se woorde:
'Who, then, is this other to whom I am more attached than to myself, since, at the heart of my assent to my own identity it is still [s]he who agitates me? [Her] presence can be understood only at a second degree of otherness, which already places [her] in the position of mediating between me and the double of myself, as it were with my counterpart.'"

*"Lacan (1988:96) het ook gesê: 'I think, therefore I am, where I think, there I am.'" Die subjek lag uit haar maag uit.*

"Ons is almal subjekte van ons patalogieë, Kleinletter-ander, soos Ellie Ragland (1995:46) dit stel: 'Ons vertrou op ander om 'n ideale ego te verwerf; dan verwerklik en bekragtig ons die ego in ons oordraagbare interaksie met andere.'"

*"Presies net so. Ubuntu, ek is omdat ons is."*

*Die subjek gaan werk, versorg haar kinders, maak die huis skoon, plant bronslaai, drink wyn saam met haar geliefde. Ek lees* (Denzin & Lincoln, 2000:162):

> *We occupy a historical moment marked by multivocality, contested meanings, paradigmatic controversies, and new textual forms. This is an age of emancipation; we have been freed from the confines of a single regime of truth and from the habit of seeing the world in one color.*

*Ek wonder of die subjek besef wat sy aanpak? Die skryfproses is nie 'n transkripsie van 'n realiteit nie. Skryf word 'n proses van ontdekking: van die onderwerp, die probleem, en ook die self wat skryf. Dit blyk ook 'n droomteks te wees; die uitskryf van 'n vorm wat in die plek van 'n gaping staan. Eagleton* (2008:14) *glo:*

> *We move among substitutes for substitutes, metaphors of metaphors, never able to recover the pure (if fictive) self-identity and self-completion which we knew in the imaginary.*

"Ek wil hê jy moet my help om 'n artikel te skryf oor die kreatiewe proses soos ervaar in *Op die spoor van kreatiewe kreature: 'n interdissiplinêre ondersoek na die kreatiewe proses*. Verskeie kunstenaars is genooi om iets vanuit dieselfde visuele prikkel te skep: ons is gevra om, as deel van die praktykgebaseerde projek tydens die Aardklop Nasionale Kunstefees 2007, 'n kunstenaars-

verklaring, ’n kreatiewe verslag, ’n kreatiewe joernaal en ’n kunswerk uit te stal.

“Kyk veral na die rol wat die konsep ‘Ander’ in betekenisvorming speel. Ook na outo-etnografie as metodologie. Ek wil reflektief en refleksief te werk gaan: reflektief deur te kyk na Heilna du Plooy se gedig ‘Die donker binne en die donker buite’ en Harry Kalmer se installasiekunswerk *Die laaste sewe dae in Mei 2007,* asook na hulle kreatiewe prosesse soos vervat in hulle verslae; en refleksief deur te kyk na my eie kreatiewe proses by die skep van die storie ‘Vrylopers’.”

*“Dink jy dat kuns, soos drome, die boodskapdraers van die onbewuste is, Subjek? Is dit hoekom jy die artikel skryf? En hoekom het jy my daarvoor nodig?”*

“Deur te skep, maak ons onsself oop sodat Ander deur die werk ’n stem kry. Die ‘taal’ van die werk skep ’n sisteem waarin Ander kan wees – ook ons eie Andere. Sonder jou kan die objek wat ek begeer – hierdie artikel, of eerder die gebrek aan die artikel – nie bestaan nie. As ek kan identifiseer met ’n beeld, ’n iemand buite myself, kan ek dinge doen wat ek nie vantevore kon doen nie. Boonop word ek jou *analysand* en jy my analis, en sodoende los ons hierdie tameletjie dalk op. Hieroor sal die leser natuurlik uitsluitsel gee, want die leser sal uiteindelik oordeel of die artikel en die analise van die proses geslaagd was of nie. Ek verwys hier na ‘slaag’ (*pass*) in plaas van ‘skaakmat’ (*impasse*), wat Lacan in 1967 as die einde van die ontledingsproses voorgestel het. Tydens die analise vertel die *analysand* aan ’n paneel wat gebeur het, en neem die *analysand* die rol van die analis oor. Hierin lê die raakpunt met die kreatiewe proses. Kunstenaars ‘verwoord’ hulle kreatiewe prosesse deur ’n kunswerk te skep; besluit wanneer die werk ‘voltooid’ is en bied dit vir ’n lesing, uitstalling of publikasie aan. Daarmee nooi hulle ons uit om oor die werk en die proses te bespiegel.”

*“Jy wil dus hê ek moet help met ’n verkennende studie waar die uiteindelike oogmerk die ‘verkryging van insig en verwerwing van begrip* is’ (Mouton & Marais, 1989:43).”

“Soort van. Ek is nie seker of daar wel begrip sal wees nie – miskien eerder onbegrip (Lacan, 1978:26). Begrip en fiksie is slegs ’n afgewaterde interpretasie van die werklikheid, soos Terry Eagleton (2008:201) se bespreking oor postmodernisme toon. Daar is geen oorkoepelende geheel, denkvermoë of vaste middelpunt vir menslike lewe, en geen metataal wat die eindelose verskeidenheid

kan vasvang nie; net 'n veelvoud van kulture en narratiewe wat nie volgens prioriteit georden kan word nie. Om te beweer dat iemand die wêreld ken, is 'n hersenskim, want kennis en kulture verskil, en daarom word daar slegs ten dele verstaan. Die wêreld is op geen enkele manier definieerbaar nie. Waarheid is 'n produk van interpretasie. Feite word deur middel van diskoers gekonstrueer. Objektiwiteit is slegs dit wat op 'n gegewe oomblik geïnterpreteer en bevraagteken word."

*"Dit lyk vir my asof 'waarheid' dus afhanklik is van die kennis van mens se gespreksgenote."*

## 3.1 Oor "Ander"

*"Wat bedoel jy met hierdie 'Ander', Subjek?"*

"Die hoofletter- en kleinletter-andere. Die verbeelde en werklike ander mense – selfs ook die onbewuste begeerte na Ander. Kortweg, almal wat nie ingesluit word nie; wat nie ekself is nie. Die vreemdeling in die poorte. In sy psigoanalitiese teorie beweer Lacan dat die verkryging van die mag om begeertes en behoeftes te omskryf, die individu konstrueer. Onthou jy jou eerste woorde aan my? *'Wat wil jy van my hê, Subjek?'* Dit hou verband met die dryfvere wat deur wisselwerking met die Ander geskep word (Childers & Hentzi, 1995:216). Ander is ook taal self omdat mens deur middel van taal Ander skep. Die groot vrees is of iemand Anders mens skep. 'Die ego kan nooit in die domein van die Ander beweeg nie. Hierom is die Ander ook 'n representasie van die onbewuste', sê Joan Hambidge (Hambidge, s.a.). Ek sien jy besef wel dat ek komplekse prosesse oorvereenvoudig deur hierdie verduideliking, Kleinletter-ander."

*"Hoekom noem jy my so, Subjek?"*

"Jy is die verpersoonliking van Lacan se *objet petit a,* 'n begrip wat hy nie wou vertaal nie. Alhoewel die gedagte aan 'n definisie ontoelaatbaar in hierdie postmodernistiese 'werklikheid' is, hou ek nogal van Ragland (1995:10) se verduideliking. Sy sê *objet petit a* verwys na 'n menigte plaasvervangende aktiwiteite wat 'n tydelike vergelding vir die onvoltooidheid van die mens verskaf – 'n onvoltooidheid wat veroorsaak word deur verliese in die onbewuste waarvan 'n mens vreemd genoeg bewus is. Gelykertyd verwys *objet petit a* na die einste spanning wat veroorsaak word deur om te weet wat mens nie van weet nie."

*"Is ek jou verloopte self, Subjek? Klink my jy probeer te hard om kreatief te wees."*

## 3.2 Oor kreatiwiteit en gapings

"Ek hou net niks van die woord 'kreatief' nie. Waarna verwys dit in elk geval? Deesdae kry 'n mens kreatiewe slaaie en soppe en moorde en wat ook al. Hoekom is dit in die eerste plek nodig om 'n onderskeid te maak? Maak dit hoegenaamd saak?"

*"Verskille maak saak omdat dit essensieel is vir betekenis. Binêre teenoorgesteldes omvat die diversiteit van die wêreld, soos Saussure uitgewys het. Derrida toon aan dat 'différance' 'n diskursiewe magspel is en dat betekenis uitgestel word. Dit is die 'absence' wat eerder saak maak, aangesien die verskil tussen woord en ding, betekende en betekenaar net in terme van afwesigheid bestaan. 'n Teken verwys nooit na die objek op sigself nie, maar altyd na 'n ander teken; derhalwe ontstaan betekenis in die gaping tussen tekens (*Childers & Hentzi,1995:83*)."*

"Dis blyk dat die skepping van die self volgens Lacan ook so werk. Joan Hambidge verduidelik dit as volg: 'Die ego voel sig gealiëneerd, omdat die proses van identifikasie een van vervreemding is' (Hambidge: s.a.)."

*"De Beer (1989:2) beweer: 'Dis die modus van die nie-aanwesigheid wat wel as aanwesigheid voorgestel, gevrees of begeer word ... die aanwesige deins as 't ware terug. Die aanwesige ontsnap aan die diskoers, terwyl die diskoers self homself opdring as die ware werklikheid.' So verbind hy dit met die voltooide toekomstige tyd: 'Teen môre sal ek dit gedoen hê.'"*

"Teen volgende Maandag sal ek 'n weergawe van hierdie teks ge-epos het. Hierdie relaas klink 'n bietjie soos die storie oor hoe die aarde in die heelal bly: dit rus op die rug van 'n skilpad, wat op sy beurt weer op 'n ander skilpad rus, en so aan ... 'It's turtles all the way down' of, soos Willie Burger (2004:46) sê, 'elke taal is 'n woordeboek van uitgebleikte metafore'."

*"Taal sit dus in sigself vasgevang" (*Burger, 2004:48*). "Dit is nie duidelik wat jy bedoel nie, Subjek."*

## 3.3 Oor vergissings

"Dit is misverstande, of eerder misgissings van die werklikheid, wat tot insig lei. Lacan onderskei tussen die verbeelde (*imaginaire*),

die simboliese (*symbolique*) en die reële (*réel*), wat deur die *sinthome* verbind word. Hierdie drie vlakke skep saam betekenis. Maar dit is altyd 'n verbrokkelde betekenis omdat 'n mens jouself leer ken deur Ander, met Ander se taal en verwysings, as gevolg van begeertes wat jy nooit kan verwesentlik nie. Boonop skep jy jouself vir 'n Ander of 'n iemand of iets wat sien wie jy is en wie jy nie is nie."

*"Verwys jy hier na die 'Ego Ideal' en 'Ideal Ego' van Lacan?"*

"Presies so. Hierdie self wat 'n mens skep is die 'Ideale Ego', en êrens in die simboliese werklikheid word mens dopgehou deur jou eie 'Ego Ideaal'. Die subjek se ontwikkeling word moontlik gemaak deur 'n eindelose stroom vergissings oor dit wat in die reële is. Daar is ook vergissings oor die self – want die self kan net gelees word in vergelyking met 'n Ander. Viljoen (1990:146) beweer dat gapings 'n groot rol in Lacan se siening speel."

> Daar is die gapings wat die subjek in sy imaginêre identifikasie met sy spieëlbeeld moet probeer opvul, die gapings tussen die taal-van-die-Ander en die ek, tussen die simboliese orde en die ek. Agter elke woord is daar gapings wat die resultaat van die droomwerk is.

## 3.4 Oor dialoog

*"Mikhail Bakhtin bestudeer taal nie as 'n objektiewe sisteem nie, maar in terme van hoe betekenis in dialoog met die ander behou word. Betekenis is nie beperk tot enige enkele spreker nie. Dit ontstaan in die gee en neem tussen verskillende sprekers: alles wat ons sê en bedoel, word deur die wisselwerking met 'n ander persoon bepaal. 'Meaning arises through the "difference" between the participants in any dialogue' (Hall, 1997:236). Verskille is noodsaaklik vir die skep van betekenis. Maar betekenis is nie vasgestel nie, en geen enkele groep mag in beheer daarvan wees nie."*

"Hierdie begrippe is kreature van 'n ander aard. Amper soos jargon in 'n groep – 'n groep soos die Voortrekkers of mense in die advertensiewese. Dis soos 'n subkultuur. Gelukkig is dit net problematies wanneer dinge in die verkeerde kategorie opduik, of in geen kategorie pas nie. Lacan sê ons subjektiwiteite is afhanklik van ons onbewuste verhouding met 'significant others'. Die psigoanalitiese perspektief veronderstel met ander woorde dat daar geen gegewe, vaste pit van identiteit of self is nie."

> *Our subjectivities are formed through this troubled, never-completed, unconscious dialogue with – this internalization of – the Other. It is formed in relation to something which completes us but which – since it lies outside us – we in some way always lack. (Hall, 1997:239.)*

## 3.5 Oor die kreatiewe proses en kreatiewe navorsing

"Van die os op die jas, Kleinletter-ander, ons pak die studie op 'n kreatiewe manier aan. Dit blyk dat alhoewel daar in akademiese geledere skerper op kreatiewe navorsing gefokus word, laasgenoemde nog nie as 'n benadering in eie reg erken word nie (Nelson & Rawlings, 2007:218). Ek hoop die aard van hierdie artikel lei tot dialoog oor kreatiewe navorsing."

*"Nelson en Rawlings se fenomenologiese navorsing oor kreatiwiteit beklemtoon dat daar 'n verskuiwing in die ervaring van die self plaasvind as gevolg van en gedurende die kreatiewe proses. Hulle bekyk die energiewekkende effek van 'n sintese van ongelyksoortige elemente en hulle bevinding is dat die kreatiewe proses, net soos geloofsbeoefening, 'n hegter verbinding met die self en 'n gewaarwording van kontak met 'n dieper, meer universele self tot gevolg het* (Nelson & Rawlings, 2007:250)."

"Op haar beurt dui Thomas aan dat Lacan anders kyk as fenomenoloë vir wie dit duidelik is dat 'n mens na buite kyk, en dat persepsies in die objekte is wat die mens begryp."

> I apprehend the world in a perception that seems to concern the immanence of the *I see myself seeing myself.* The privilege of the subject seems to be established here from the bipolar reflexive relation by which, as soon as I perceive, my representtations belong to me. (Thomas, 2000:138.)

## 3.6 Oor outo-etnografie as metodologie

*"Hoekom wil jy hierdie relaas op hierdie manier doen?", vra ek die subjek – soos jy seker ook, ideale leser van hierdie artikel.*

"Daar is onverklaarbare goed in kreatiwiteit. 'n Kreatiewe teks kan ingewikkelde konsepte wys. My promotor het byvoorbeeld voorgestel dat ek *Palindroom* van Joan Hambidge lees sodat ek Lacan se begrippe binne in 'n kreatiewe teks kan waarneem. Dit is asof die lesing van kreatiewe tekste (daarmee sluit ek alle kuns in) 'n mens toelaat om denkprosesse sensueel, soos met die lyf, te verstaan. Uit die bloute vertel een van my werksvriende my van

outo-etnografie. Ek lees haar artikel getiteld 'The written Self' (Pretorius, 2008), en dit vind aanklank by my omdat die stories wat ek vir die uitstalling geskryf het, juis só gebeur het."

*"Carolyn Ellis verduidelik haar outo-etnografiese metode soos volg:"*

> *I start with my personal life. I pay attention to my physical feelings, thoughts, and emotions. I use what I call systematic sociological introspection and emotional recall to try to understand an experience I've lived through. Then I write my experience as a story. By exploring a particular life, I hope to understand a way of life.* (Ellis & Bochner, 2000:737.)

"Sy slaan die spyker op die kop. Ek probeer deur middel van my eie kreatiewe proses, die analise van die tekste en dialoog met jou Kleinletter-ander, introspeksie hou. Ek beskou hierdie diskoers in geheel as die storie wat aan die hand van 'n spesifieke kreatiewe proses, die groter kreatiewe proses uitwys."

*"Arthur P. Bochner sê dat mense, as kommunikerende mense wat mense bestudeer wat tog self kommunikeer, binne dit is wat hulle bestudeer, en dat die refleksiewe aard van menslike kommunikasie nie tussen aanhalingstekens soos 'in die naam van die wetenskap' geplaas moet word nie. Hy het na die narratief as 'n modus van vraagstelling oorgeskakel, juis omdat hy oortuig is dat geesteswetenskaplike tekste 'n nuwe verhouding tussen navorsers en onderwerpe asook tussen skrywers en lesers moet skep* (Ellis & Bochner, 2000:743)."

"Dit is hoe ek gevoel en gedink het toe ek 'Op pad' geskryf het. Weet jy dis vandag presies 'n jaar sedert my skoonpa oorlede is? Ek het dit die dag ná sy begrafnis geskryf. Die skryf van die storie self het vir my die volgende gedeelte van sy reis geword."

*Die subjek bel haar skoonma, wat twee maande ná haar skoonpa se dood 'n beroerte gekry het. Sy het met die val ook harsingskudding opgedoen en twee dae lank op die yskoue vloer gelê: sy kon glad nie beweeg nie. Gelukkig het 'n vriendin om die huis geloop, haar onopgemaakte bed deur die venster gesien, en hulp ontbied. Ek begin agterkom waaroor die subjek so aangaan. Haar skoonma se afwesigheid in die bed, of die nie-opgemaakte bed het aangedui dat sy nie die huis verlaat het nie en dat alles nie pluis is nie.*

*Die naweek wat verby is, het die subjek vir haar skoonma dik wol en 'n dik hekelpen gegee. Sodat sy weer so op 'n manier kon begin hekel, die lam handjie ten spyt.*

“Haai Skooms, hoe gaan dit daar?”

“Goed, my kind, en met julle? Is jou artikel al klaar?”

“Ek dink ek’s halfpad Ma. Dis die moeilikste ding wat ek nog ooit aangepak het. Ek’s verseker half mal. Wat doen Ma?”

“Ek sit en hekel. Maar dis ’n groot inspanning. Die dom handjie doen nie wat ek wil hê hy moet nie.”

“Ek dink ek weet hoe Ma voel; die hekel in my kop vlot ook nie. Ons moet maar net die beste doen wat ons kan.”

“Dis absoluut al wat mens het om te doen, my kind.”

“En oor Pa – is Ma oukei?”

“Bietjie tranerig vanoggend; nou beter. Ek moet myself nog net ’n paar goed vergewe. Die res is reeds gedoen.”

“Ma weet hier is altyd plek vir Ma by ons?”

“Dis ’n groot vertroosting, my kind, maar ek’s oukei. My vriende en die kerk is hier. Ek sal laat weet.”

“Goed Ma, lekker hekel.”

“Jy ook, my kind. Lief vir jou.”

> *Die dood is by uitstek die ander, want van die dood kan ons niks weet nie. Ons kan die dood hoogstens verken deur die manier waarop ons in die lewe daarmee gekonfronteer word, die effek daarvan op ons, naamlik deur die rou- of treurproses. (Burger, 2007:178.)*

## 4. Die probleem word geformuleer

“Kleinletter-ander, hoe op aarde doen ’n mens navorsing oor kreatiewe werk sonder om die siel daarvan uit te haal? Ek bedoel eintlik: Hoe bespreek ’n mens die kreatiewe proses sonder om die kreatiewe kreature dood te maak?”

*“Na watter kreatiewe kreature verwys jy?”*

“Die kreature is eerstens mense wat aan kreatiewe prosesse deelneem. Binne dié spesifieke projek fokus ek op die kunstenaars wat myns insiens ook na die Ander as dood en vrees in hulle werk verwys het: Harry Kalmer, Heilna du Plooy en ekself. Tweedens is

die kreature Ian Marley se sketse wat die *pointers* vir die begin van ons prosesse was; sketse wat geskep is na aanleiding van die verstommende woorde van Josh, sy vyfjarige seun: ‘Daddy, let me tell you a creature’. Kan jy glo, amper soos ‘En God het gesê: laat daar lig wees.’ En, derdens, is die kreatiewe kreature die kunswerke wat die uitvloeisel van genoemde prosesse was.”

*“Kom ons gaan drink tee voordat ons kyk hoe Ander in die tekste en die kreatiewe proses vergestalt word, Subjek. Hierdie artikel moet klaarkom.”*

*Nadat die subjek tee gedrink het, was sy eers wasgoed en skottelgoed en dan vee sy die vloer uit. Sy maak nie meer die stoffies bymekaar nie. Sy het besluit om verlof te neem om meer tyd aan my te bestee. Sy het aan haar baas verduidelik dat sy nie by haar studente se prosesse betrokke kan raak terwyl sy aan die artikel werk nie. ’n Subjek kan nie onder alle omstandighede “multi-task” nie. Sy bel vriende en kollegas wat haar moed inpraat. Dan lees sy “Harry Kalmer en die beste deel van dood wees”. Sy hou daarvan. Dit gee haar moed. Ek weet sy vermy my*.

*Twee dae voor die artikel se spertyd kry ek hierdie brief op die lessenaar:*

## 5. Die resultate word bespreek

Liewe Kleinletter-ander

Soek jouself in hierdie teks; of eerder: soek waar jy nie is nie ...

Ek kry nie meer met jou gepraat nie. As ek iets vir jou wil vertel, kom daar net aanhalings en groot woorde uit my mond. Ek klink soos jy. As ek in alle eerlikheid oor die kreatiewe proses en my lesings van Heilna en Harry se tekste wil praat, en oor my eie “Vrylopers”, sal jy en al jou literêre maters met hulle psigoanalitiese neefs eers moet stilbly. Nou skryf ek maar eerder vir jou ’n brief.

Die kreatiewe kreature-projek het begin met die tipiese dialoog van ’n kind wat slaaptyd wil uitstel deur op ekstra aandag van sy ouer aanspraak te maak. Gewoonlik is dit “Vertel vir my ’n storie.” Maar Josh sê vir Ian: “Daddy, let me tell you a creature.” Dit is anders: omdat die *seun* die storie wil vertel én omdat hierdie storie ’n “kreatuur” is. Hy vertel dus van ’n kreatuur asof laasgenoemde reeds bestaan. Die kreatuur is egter afwesig. Gebruik hy die gesproke woord om oor ’n prentjie in sy kop te praat; of skep hy die kreatuur terwyl hy praat; of skep die kreatuur hóm deur hom te laat

praat? Is dit die kleinletter-ander-Josh wat goedkeuring soek by die teken wat hy as die Ander ken: sy pa, Ian Marley, die kunstenaar?

Ian teken die kreatuur soos Josh hom vertel. En Josh verander aan die tekening waar dit nie reg is nie. (’n Legio keuses ten opsigte van medium, materiaal, styl, grootte, aansig en detail is ook hier ter sprake.) Die kind help sy pa; die onerkende kunstenaar help die erkende kunstenaar. Ian sien heel moontlik die Ander in sy kind raak (die Ander wat hy was, wou wees, nooit was nie, nog altyd wou ken); en as kunstenaar sien hy die kreature se moontlikhede in; maar as akademikus sien hy nog nie die moontlikheid in van ’n navorsingsprojek wat die kreatiewe proses probeer naspeur nie. Dit kom eers later. Hy kon natuurlik ook gesê het: “Not tonight, tell me tomorrow morning, it’s time to go to sleep now” – en dan sou die kreature en die uitstalling en selfs hierdie brief waarskynlik nooit gewees het nie.

Ian Marley, hoof van die Departement Ontwerp, maak ’n afspraak met Attie de Lange, Navorsingsdirekteur. Ian wil eerder kuns skep en uitstal as om navorsing te doen. Attie stel voor dat ’n paar mense uit die geesteswetenskappe vir ’n dinkskrum bymekaarkom, en dat Ian van sy werk saambring. Josh/Ian se kreature word gewys, en siedaar: die begin van ’n interdissiplinêre ondersoek na die kreatiewe proses.

’n Interdissiplinêre ondersoek veronderstel skakeling tussen velde wat verskillend is. In die geesteswetenskappe staan visuele kuns en skryfkuns binêr teenoor mekaar. Praktykgerigte navorsing staan eweneens teenoor filosofiese, empiriese, of self teoretiese navorsing. Kunstenaars wat reeds in die gemeenskap as die Ander gesien word, word uitgenooi: kunstenaars op verskillende terreine – party bekend en ander onbekend, party het reeds gepubliseer en ander nie, party is hooggeleerd en ander nie. Aan die ander kant, in binêre opposisie teenoor die kunstenaars, staan die akademici, wat self nie in die deursnee-gemeenskap inpas nie. Nog Andere word betrek: skoliere, studente, handwerkers wat by gemeenskapsprojekte betrokke is, en selfs kleuters.

Ek sou graag by ’n paar Lacan-aanhangers ’n psigoanalitiese lesing wou aanvra oor die “andersheid” van die projekbestuurders wat so ’n malligheid aanpak!

Letterlik honderde eiesoortige werke en prosesse, geskep deur ’n magdom verskillende mense, sorg uiteraard vir uiteenlopende resultate. Alhoewel die meeste kunstenaars aanklank gevind het by

die speelsheid en fantasie van die kreature, is daar 'n paar wat nie het nie. Die teenpool van speelsheid en fantasie is die gewigtigheid van dood, geweld, misdaad, en vrees; asook die gewoonheid van die alledaagse bestaan.

Jy is van al hierdie elemente gemaak, Kleinletter-ander. Alledaagse uitveegsels, koerantpapier vol misdaadstories, towerwoorde van 'n ou mite, God se naam, 'n onbeholpe skeppingsdrang, die moontlikhede van drome, en 'n hardkoppige geaardheid wat altyd dit waartoe ek my verbind, probeer uitvoer.

## 5.1 Harry Kalmer se *Laaste 7 dae van Mei 2007*

(Kyk addendum vir illustrasie)

Net voor Harry Kalmer genooi is om aan hierdie navorsingsprojek deel te neem, het hy klippe op die strand opmekaargestapel en dit 'n "monument vir ongedoende werk" genoem. Die klippe was die volgende dag weg. "Elke kunstenaar se oeuvre bestaan sekerlik grootliks uit hierdie werke. Hierdie ongedane werk wat ongesiens bly", skryf hy in sy kreatiewe verslag.

Hierdie afwesigheid is amper soos die mense wie se name tydens die laaste sewe dae van Mei in Gautengse koerante verskyn het. Die name, of nie-name (party se name is onbekend), is opposisioneel met betrekking tot die afwesigheid van ander vermoorde mense wie se name of stories nie eens die koerante gehaal het nie. Harry kies om "die verskrikking wat kinders voel in 'n misdaadgeteisterde gemeenskap" by wyse van sy installasie te vergestalt. Slagoffers, nie moordenaars nie, is die subjek van sy kunswerk. Hy maak van hulle poppe, nie monsters of vreemde kreature nie. Alhoewel die poppe verskeie kenmerke van lyke openbaar (soos die tipiese wit buitelyn wat die polisie gewoonlik om slagoffers trek om die plek aan te dui waar die slagoffer gelê het, of die naamkaartjie aan die voet), is hulle eerder 'n mimetiese teenwoordigheid van die mens wat doodgemaak is as wat hulle lyke is.

Ek wonder of die woord *lyk* met *lyk soos* verband hou?

Die poppe is uit materiaal gesny wat gewoonlik gebruik word om poppe mee te vul. Die binnekant word dus hulle buitekant. Dieselfde materiaal word vir die maak van duvets gebruik. Duvets hou 'n mens warm en lê bo-op 'n bed; maar hier is hulle spokerige, koue tekens van diegene wat nie meer met ons is nie. Hierdie stof is nie-organies, nie-stoflik, en kan in sy huidige vorm aanhou bestaan. Die

poppe word selfs as kunswerk te koop aangebied: die opbrengs sal aan die weduwees en wese geskenk word. Deur dié stelling betrek Harry Kalmer nog ’n magdom Andere. Dié wat agtergelaat word ofskoon hulle nog in die hede is, word gewoonlik deur koerantlesers vergeet.

Dis ’n bed sonder ’n matras: heel prakties, sodat ons deur die bed kan sien. Dis ’n ongemaklike lêplek, maar gewoonlik ’n goeie weg-kruipplek. Die poppe lê nie weggesteek nie, maar word uitgestal, soos statistieke wat aangehaal word. Ons (die koerante, die kunstenaar, die besoekers) weet net van hulle omdat hulle vermoor is; hulle waarde lê in hulle afwesigheid, wat deur die skeppings-proses – selfs ook die talige skep van hierdie brief – teenwoordig gemaak word.

Die poppe self is eerder ikone van dooies. Daar word nie onderskeid getref ten opsigte van geslag, kultuur, geloof, ouderdom nie. So – opgestapel, onpersoonlik (’n mens kan nie almal se name lees nie) – lê vier-en-dertig verteenwoordigers van die vrees van kinders en mense. Die vrees is dubbel duidelik: die poppe word geken aan die naam van die ander (die dode) én aan die naam van die Ander (die groot afwesigheid).

Is dit die groot Ander, die Naam/Nee van die Vader; die beeld wat alle moontlikhede in die imago van die moeder bevat? Ek wonder hoekom die sin uit Jesaja so vassteek in my gemoed: “Ek het jou by jou naam geroep, jy is Myne.”

Die slotwoorde van Harry Kalmer se kreatiewe verslag som die kreatiewe proses en die installasie eerlik op: “Ek was tevrede. Die werk het nederig en onpretensieus gevoel. Iets waar ’n toeskouer maklik verby kon stap. ’n Toepaslike testament vir 34 mense wat niks met mekaar in gemeen gehad het nie behalwe die feit dat hulle almal vermoor is tydens die laaste 7 dae van Mei 2007. Sonder dat ons vreeslik baie aan hulle gedink het.”

## 5.2 Heilna du Plooy se *Die donker binne en die donker buite*

(Gedig opgeneem in *Litera*, p. 214.)

Heilna du Plooy laat die kind met opgetrekte knieë sit terwyl sy verbeelde kreature hom van sy werklike vrees bevry. Dit is hoekom en hoe ek jou geskep het, Kleinletter-ander. Sowel die vrese as die vernietiging daarvan blyk deel van die skeppingsproses te wees. Die instrumente vir hierdie skeppingsproses is bereikbaar vir die self,

maar verg ongelooflike waagmoed. En die geskapenes of kreature duik in baie moontlike vorms op: gedigte, poskaarte, stories, sketse, poppe, selfs akademiese artikels.

Ek vind dit wonderlik dat daar teenstrydighede in mense se prosesse en kreatiewe werk is. Alhoewel Heilna in haar verslag skryf dat sy Ian en Joshua se "kreature begin sien as moontlike manifestasies van die vrese van die kunstenaar – dat hy nie goed genoeg kan sien – in al die betekenisse van die begrip sien – dat hy nie vindingryk of vervreemdend genoeg kan werk nie", gebruik sy ook "wonderdiere" in die gedig om die kind se vrees te stil. Aanvanklik is die kreature die vrees; maar in die gedig word die verbeelde diere die beskerming teen die vrees.

Die jukstaponering in die gedig – kind teenoor vader, wonderdiere uitdink teenoor skadudinge uitsluit, 'n onbegrensde wêreld teenoor 'n begrensde werklikheid, binne teenoor buite, sig teenoor donkerte – kortom: onwerklikhede teenoor werklikhede – wys júís hoe die kreatiewe proses plaasvind en iets van "I see myself seeing myself" laat manifesteer. 'n Moontlike lesing van die gedig is dat oorgee aan die kreatiewe proses, soos die innooi van die Ander (oftewel die *Absence*), juis die vrees afweer. Die inperking wat 'n mens ondervind wanneer jy op sekuriteitstelsels, op vrees, op *presence* fokus, word nogtans die "vereelte" skadukant wat die kreatiewe proses "verstar". Die kind vind die Ander in die skeppingsproses; die kleinletter-ander ontwyk die pa steeds deurdat hy die teenswoordige vrees.

Dit skakel met die woorde van die Heidegger-gedenklesing wat Heilna du Plooy in haar kreatiewe verslag aanhaal: "Oorgawe aan dinge en ontvanklikheid vir die misterie gebeur nie vanself nie. Dit kom nie per toeval oor ons pad nie. Beide gedy slegs deur middel van volgehoue, waagmoedige nadenke." Die "nuwe denkweg" is die oplossing vir "die soek na 'n uitkoms uit 'n gevoel van vasgevang wees, waar stilte sekerlik vir die digter die onaanvaarbaarste plek is om vasgevang te wees. Die stomheid, die gebrek aan antwoorde, die onmoontlikheid van ontvlugting".

Sy noem dat die "Russiese formalis Roman Jakobson die poësie omskryf het as 'georganiseerde geweld gepleeg op gewone taal', terwyl sy kollega, Trubetzkoy, daaraan toegevoeg het dat ''n mens nie moet vergeet dat die geduld van taal wel iewers tot 'n einde kom nie'. En iewers tussenin moet die digter 'n balans probeer vind."

### 5.3 Die subjek se “Vrylopers”

(Teks opgeneem in *Litera*, p. 227.)

Hoe skryf ’n mens stories as mense om jou doodgemaak word en doodgaan, Kleinletter-ander? Hoe skryf ’n mens ’n artikel? Dis die gewoonheid van georganiseerde geweld in die omgewing waar ek woon, soos die moord op die eienaar van die hardewarewinkel, wat my verlede jaar totaal oorbluf laat kyk het na die speelse kreature waardeur ons geprikkel is. So ook die gewoonheid van die verwikkelde ek: as Ander wat leef, wat is, moet wees, wil wees, skyn om te wees, moes gewees het. Rolle wat ek vertolk, maar nooit presies so goed soos ek graag wil nie: ma-vrou-kunstenaar-kopieskrywer-dosent-kok-handwerker-gelowige-reisiger-dogter-Suid-Afrikaner en so voort.

Jy gaan sukkel om jouself in “Vrylopers” waar te neem, Kleinletter-ander. Miskien is jy die aangesprokene. Sê my as jy my weer sien. Dit is makliker om reflektief te werk. Ek sukkel om agter die kap van die byl te kom waar dit my eie proses betref.

Ek móés die storie skryf. Ek het die eienaar van die hardewarewinkel in Westdene net van sien geken. Maar sy dood was nogal ’n *outrage*. Blykbaar het die drie moordenaars, nadat hulle hom doodgemaak het, doodluiters uit die winkel gestap; helder oordag. Die feit dat hulle skynbaar nie reperkussies vir hulle daad verwag of gevrees het nie, was vir my skreiend.

Ek onthou hoe angstig ek was toe ek die storie begin skryf het. Ek wou die man wat dood is, laat praat. Ek het gedink hy moet kwaad wees. En toe skryf die storie die man heeltemal anders. Dit het gewoonweg uitgekom, soos wanneer hy praat oor die dinge wat op ’n gewone dag in die winkel gebeur het. My kwaad was uitgeskryf, en dit het deur die proses verander in iets soos ’n totem, gedenkwoorde; dit het die moord uit my geneem.

Daar is baie Ander in die storie. Die seun wie se pa gewoonlik afwesig is. Die hele onregverdige situasie van trekarbeid, wat mense nog meer as gewoonlik in twee skeur. Die vrou wat self ’n slagoffer van geweld is en wat haar bakbeendogtertjie daarom ’n seun noem om meer geweld af te weer. Die kunstenaar, die eienaar se ouers wat reeds dood is; sy vrou, kinders, kleinkinders. Die winkel as simbool van die ekonomie wat hom weghou van dit wat hy wil doen. Sy jeugdige self as kind en as jongman, die self wat steeds goedkeuring by sy pa soek, die dromerige toekomstige self wat in die park wil gaan rondomtalie, die paartjie wat hom dood gevind het,

sy moordenaars, en die lesers van die storie. Die vrylopers. Wie loop vry? Die moordenaars, die slagoffers, al die Ander wat nie teenwoordig is nie.

Die perspektief is aspris kompleks. Derdepersoonsvertelling, met die eienaar van die winkel as fokaliseerder. Aan die begin en aan die einde is daar verwysings na "julle". Dis die aangesprokenes in die verhaal – dit wil sê die moordenaars – en dis ook die lesers. "Vrylopers" is op die voorkant van 'n poskaart geplaas; in die plek van die gewoonlik toeristerige prentjie. My kinders het die kreatiewe kreature oorgeteken, en ons het posseëls daarvan gemaak (soos Charon in die Griekse mitologie wat 'n fooitjie verwag voordat hy jou siel oor die rivier karwei na die onderwêreld toe.) Ek hoop die terloopse aanstuur van die storie op die poskaart is ook soos betekenis en die kreatiewe proses. Dit kan nie vasgehou word nie; dit loop vry. Die keersy van die poskaart het ek oopgehou. Dalk kom daar antwoorde terug.

Die helderste gedeelte van hierdie hele proses is jý, ontwykende Kleinletter-ander. En die subjek het gesê: dit is goed ...

Groete

Subjek

## 6. Opsomming van die resultate

*Ek sien die subjek die volgende oggend. Ek vind dit jammer dat sy nie meer aandag aan haar eie storie gegee het nie.*

*Die ooreenkomste tussen die kunstenaars se prosesse is nogal interessant: die harde 'werklikhede' van die jaar 2007; die feit dat hulle die geweld en vrees in hulle werk vergestalt het. Harry Kalmer het van die kreature ikone gemaak, Heilna du Plooy het hulle as kreatiewe proses gedig en geverf, die subjek impliseer die lesers as moordenaars. Die vergestalting van die kreature in die werk dui op die kreatiewe proses self. Harry Kalmer se opgestapelde klippe as monument vir ongedoende werk hou verband met die opgestapelde poppe van die slagoffers onder die bed. Dat 'n digter met stomheid geslaan word, is soos die vereelte drome wat die lig en heldersiendheid van die kreatiewe proses uitsluit. Om te skryf en te lees, is om 'n oneindige stroom misgissings te skep.*

*Ek besef dat die subjek op dieselfde manier aan my as outo-etnografiese, akademiese artikel, lyf en stem gee. Dit vra om afwesighede uit te skryf. Om Ander vrese en akademiese wonder-*

*diere binne ’n wêreld met grense te bedink. “Ek sien hoe ek myself siende sien, moenie my probeer flous nie”, sê die subjek. “Ek sal hierdie proses enduit moet deursien. Artikel-skryf is nie stories wat net in ’n lokaal uitgestal word, of poskaarte wat met ’n onsinnige nota gepos word nie.” Die subjek begin self met die vernietiging van haar teks. Ek vertel nie vir haar van die e-pos wat in haar ‘inbox’ wag nie. Mettertyd sal sy dit wel kry. Nogtans hou sy aan om te verduidelik:*

“Ons maak kreature. Kreature maak ons. Ons skep Ander. Ander skep ons. En so gebeur dit dat dit wat ons bedreig, gewoon ander buitelyne, stemme, lywe, woorde, gedagtes kry as voordat die kreatiewe proses begin het. Ons probeer hierdie Ander mense, vrese, selwers verstaan deurdat ons hulle afwesigheid teenswoordig teken.”

> *[W]e wage the battle of representation. We work hard to figure out how to represent and contextualize our narrators, ourselves, and the people about whom they are ranting. We try … to understand how and why these binaries, these categories of analysis, these ‘others’, these splittings, and these accusations are being cast at this moment in history, and who is being protected by this social science focus on blame.* (Denzin & Lincoln, 2000:120.)

*Dit is Maandagoggend. Spertyd. Die subjek haal die woord wat my lewe gee, uit my mond uit. Sy skryf ’n sonnet op die agterkant. Ek ken dit reeds. Dit kan maar net sowel ek wees wat dit geskryf het. Sy soen die woord op die voorkant. “Emet”: dit beteken “God se waarheid”. Ek dink aan Lacan se “nee/Naam van die Vader” en weet wat kom. ’n Mens kan Ander nooit ken nie. Ook nie jou gesplete of verbrokkelde self nie. Sy vee die “E” van “Emet” uit. Nou beteken dit “dood”. Ek vat dit by haar, sit dit in my eie mond. Tyd om spore te maak.*

Daar is vorme van skep wat afhang van dit wat jy wil sê of nie kan sê nie. Hierdie artikel wil net dood-eenvoudig nie artikel wees nie. Dit kom uit as ’n storie. Dis tyd om dit te e-pos; tyd om dit te laat gaan.

## 6.1 Die sonnet

**Wetenskaplike taalspel**
*– hoe om ’n artikel te skryf*

Van skryfkamer of skeepswerf tot skoonbyt
ontbind rededele my ontologie –
ek skrop kwalitatief aan selfverwyt
poleer ’n epistème tot dimensie.

*Modus tollens* skuur begrip die verset,
die *Ander* verbleikte paradigmas –
’n waarskynlike ideaal – onbesmet
gestryk en metodologies uitgewas.

Die probleemstelling om die skepproses:
*Hoe durf díe slytse vuilskrywery*
*as ongepubliseerde skollie-protes*
*onse akademiese kern bestry?*

uit die literêre (ver)skilleskottel
skuim alle betekenis ongebottel.

### 6.2 Die e-pos

*Aan: Subjek@vegaschool.com*

*Van: Kleinletter-ander@Ander.com*

*RE: Hierdie artikel wat ons skryf*

*Liewe Subjek*

*Ek stel voor dat jy ernstig aan die volgende aspekte aandag gee.*

*Die artikel is onsamehangend en lees nie gemaklik nie. Veral die literêre oorsig is te wyd dog oppervlakkig. Kies slegs een fokus in jou studie en maak seker dat die besprekings dan toepaslik is.*

*As narratief word daar te veel vertel en te min gewys.*

*Die dialoog in kreatiewe tekste wat Ander in ’n gemeenskap laat praat, soos byvoorbeeld in “Vrylopers”, is ook uiters belangrik. Dalk kan ’n volgende studie die betekenisvorming deur middel van dialoog analiseer.*

*Jy trek verbande tussen die kreatiewe proses, die ontledingsproses en die skryf van hierdie artikel. Die konflik wat ’n ‘analysand’ beleef en op die analis oordra, is soortgelyk aan die konflik wat die*

*kunstenaars in hulle werk vergestalt en so ook die konflik wat jy ervaar as nie-kenner van tradisioneel akademiese skryfstyl. Deur aan die prosesse deel te neem, word die onbewuste geaktiveer en vind identifikasie met Ander plaas.*

*Onthou dat Lacan se psigoanalise nie pretendeer om 'n sleutel tot die geheime van die universum te wees nie. Dit het net een doelwit, en dit is naamlik om die subjek terug te neem na sy signifiërende afhanklikheid (Hambidge, s.a.).*

*Ek hoop jy beweeg gou verby hierdie verbintenis met Kleinletter-ander. 'n Laaste aanhaling vir die skryfwerk (akademies of kreatief) vorentoe:*

> *[T]he Big Others's demands are our true desires; the desire for objet petit a, merely distractions* (Harding, 2007:412).

*Moenie dat hierdie proses jou kreature stilmaak nie.*

*Op jou probleemstelling: "Hoe op aarde doen 'n mens navorsing oor kreatiewe werk sonder om die siel daarvan uit te haal? Ek bedoel eintlik: Hoe bespreek 'n mens die kreatiewe proses sonder om die kreatiewe kreature dood te maak?" het ek uiteindelik ook 'n antwoord.*

*Ek weet nie.*

*Dankie dat jy my geskryf het.*

*Kleinletter-ander*

## Geraadpleegde bronne


BURGER, W.D. 2004. Fiksie en identiteitskonstruksie: 'n beskouing van selfnarratiewe. Johannesburg: Universiteit van Johnnesburg. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.)

BURGER, W. 2007. Deur 'n spieël in 'n raaisel: kennis van die self en die ander in *Agaat* van Marlene van Niekerk. *Tydskrif vir taalonderrig*, 40(1)Junie:178-194.

CHILDERS, J. & HENTZI, G. 1995. The Columbia dictionary of modern literary and cultural criticism. New York: Columbia University Press.

DE BEER, F. 1989. Strukturele denke: Lacan, Foucault en Derrida. *Communication*, 15(1):1-9.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S. 2000. Handbook of qualitative research. London: Sage.

EAGLETON, T. 2008. Literary theory: an introduction. Minneapolis: University of Minnesota Press.

ELLIS, C. & BOCHNER, A.P. 2000. Auto-ethnography, personal narrative, reflexivity. (*In* Denzin, N.K. & LINCOLN, Y.S., *ed.* Handbook of qualitative research. London: Sage. p. 733-768.)

HALL, S. 1997. Representation: cultural representations and signifying practices. London: Sage.

HAMBIDGE, J. s.a. Gender en films. (Ongepubliseerde essay.)

HARDING, B. 2007. Dialectics of desire and the psychopathology of alterity: from Levinas to Kierkegaard via Lacan. *HeyJ,* 48:406-422.

LACAN, J. 1978. The four fundamental concepts of psycho-analysis. New York: Norton.

LACAN, J. 1988. The insistence of the letter in the unconscious. (*In* Lodge, D., *ed.* Modern criticism and theory. New York: Longman. p. 80-106.)

LACAN, J. 2004. Écrits: a selection. London: Routledge.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1989. Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

NELSON, B. & RAWLINGS, D. 2007. Its own reward: a phenomenological study of artistic creativity. *Journal of phenomenological psychology*, 38:217-255.

PRETORIUS, N. 2008. "The written self": writing and story telling as a teaching and learning tool for creative and personal development. *The journal of independent teaching and learning*, 3:41-48.

RAGLAND, E. 1995. Essays on the pleasures of death: from Freud, to Lacan. New York: Routledge.

THOMAS, J. 2000. Reading images: readers in cultural criticism. New York: Macmillan.

VILJOEN, H. 1990. "Sondag van 'n kind" in Lacaniaanse konteks. *Journal of literary studies*, 6(1):146-152.

**Kernbegrippe:**

Ander
kreatiewe proses
*objet petit a*
outo-etnografie
refleksiwiteit
reflektiwiteit
self-narratief

**Key concepts:**

auto-ethnography
creative process
*objet petit a*
Other
reflectivity
reflexivity
self-narrative

# Addendum:

## *Laaste 7 dae van Mei 2007* – Harry Kalmer

